




Diere
Makker

Die Renostervoël en die Renoster




Renostervoëls ry op die rug van renosters oor Afrika se Sahara en vreet bosluise van hul groot maats af. Maar hierdie voëls is nie eintlik doeltreffend as 'n middel van plaagbeheer vir die renosters nie. In plaas daarvan is hulle uitkykpunte!



Vlieënde Alarms

Renosters kan nie goed sien nie, maar Renostervoëls het uitstekende sig. Dit stel hulle in staat om as wachte op te tree en stilletjies te sis as roofdiere naby kom.




Selfsugtige Helpers

Renostervoëls wag totdat die bosluise vol bloed is om hul maaltyd so sappig moontlik te maak. Dit is soos om te wag vir 'n bankrover om die kluis leeg te maak voordat jy hom stop, en dan vat jy die geld vir jouself!




'n Renostervoël
kan meer as
100 bosluise
per dag eet!




Oorwas ekstrak

Asof die Renostervoël wat lus is vir bosluise nie reeds walglik genoeg was nie, eet hierdie voël graag die bosluise saam met die oorwas! (Wetenskaplikes het geen benul of dit die renosters seermaak en of dit help nie).



Die renostervoël betaal vir sy maaltyd deur as die renoster sekuriteit op te tree. Die voël moet waaksaam dophou vir enige roofdiere wat 'n jong renoster kan aanval.





Die renostervoël se
naam in Swahili is,
"askari wa kifaru" dit is
baie toepaslik: dit
beteken
"renosterwagter"



Die Narvis en die Anemone



Aan die onderkant van die vlak tropiese see bied anemone narvisse 'n knus huis met 'n ingeboude sekuriteitstelsel. Intussen betaal die narvisse huur deur die anemone te help asem haal, beskerm hulle teen skoenlappervisse en deur hulle (ietwat vreemde) kos te voer.





Narvise se poep is 'n uitstekende kunsmis. Dit help anemone om te groei.





As 'n
skoelappervis die
anemone probeer
eet, sal daardie
narvisse dit
verjaag!



Giftige Vesting


Elke tentakel is gelaai met piepklein, giftige harpoentjies wat in oortreders ingeskiet word. Dit hou die Narvise veilig teen potensiële roofdiere, wat die anemone se gevreesde angel vrees!





Narvise se
oorskiet is die
perfekte anemoon-
maaltyd. Vis afval
val reg in die
anemone se kloue.






Sommige glo die
narvis kan dien as 'n
lok middel vir die
anemoon prooi,
soos ander visse of
krappe



Ongewone Wapenrusting

Die narvisse hoef nie die anemoon se gif te vrees nie. Elke narvis het 'n laag slym wat dit teen die anemoon se harpoene beskerm. Met verloop van tyd leer die anemoon om nie eers die moeite te doen om sy kleurvolle huurders te steek nie.



Hou partytjie die hele nag lank.

Soos die nag val, verminder suurstofvlakke in die water, en die anemoon het meer water nodig om asem te haal.

Narvisse dans die hele nag om die water op te roer, om te verseker dat hul anemoon genoeg suurstof kry.





THINK

DIGITAL ACADEMY

